Ontsyfer wat hier staan:

DKIAEAGMEEEGSKVRAENTDSINEOHS

Ark Blitz

Les 23 – DIE GEES VAN DIE HERE LEI VIR SIMSON

MAATS LEES: Rigters 13 - 15

Simson se geboorteverhaal in Rigters 13 vertel dat hy iemand besonders is. Dele van sy verhaal laat jou dink aan die geboortes van Isak, Samuel en Johannes die Doper. Hy word van sy geboorte af aan God gewy (vgl Num 6:1-21), en word deur die Gees van die Here gelei (Rig 13:25). Simson is enersyds die kragman wat die Filistyne, die vyand van Israel, keer op keer verslaan tot met die laaste groot daad waarmee hy meer Filistyne doodmaak as in sy lewe. Andersyds trou hy twee keer met Filistynse meisies en gee hy toe aan die eise van die meisie van Timna en Delila (die geheim van sy lang hare). Later in die geskiedenis as Israel hierdie verhaal lees, kan hulle aan hulleself as ’n volk dink: Die Here het hulle as sy spesiale volk uit Egipte gelei, maar hulle kon dit net nie regkry om altyd op die Here se regte pad te bly nie. Dit is eintlik ook ons eie storie: Die Here roep ons en maak ons spesiaal, maar ons kry dit net nie reg om heeltyd as sy kinders te lewe nie. In ons lewens tussen die ander mense en in die verhoudings wat ons aangaan, verloor ons dikwels kop. In die tyd van die Rigtersboek het die mense nie mooi geweet wat reg of verkeerd is nie. Hulle het gedink as hulle eendag ’n koning kry , sal die koning hulle help besluit oor reg en verkeerd (vgl Rig 21:25). As Christene HET ons ’n Koning wat vir ons wys wat reg en verkeerd is, en wat sy Heilige Gees gestuur het om ons te help om in die lewe die regte keuses te maak. En tog maak ons nog baie verkeerde keuses. Gelukkig is die Here se liefde en genade groter as ons verkeerde keuses. Hy vergewe ons uit genade, en lei ons verder in sy groot liefde.

Speletjie: Waar of onwaar?

1.. Simson se ma mag nie wyn of bier gedrink het solank sy hom verwag het nie.
2. Die engel het eerste vir Manoag gesê sy vrou verwag ’n baba.
3. Die engel het in ’n stofwolk verdwyn.
4. Simson het vir sy ouers van die heuning uit die leeu se karkas gegee.
5.Simson se ma het aan die Filistynse jongmanne die antwoord van die raaisel gegee.
6. Simson het 100 Filistyne met die kakebeen van ’n esel doodgeslaan.
7. Simson het by Roepersfontein amper van die honger doodgegaan.
8. Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak.
9. Simson was 20 jaar lank die leier in Israel en hy het gehelp om die Filistyne te verslaan.
10. Die Midianiete het in Simson se tyd 30 jaar lank oor Israel geheers.